FOTOGRAFIE INLIGTINGSBRIEF 2019 :

NB Kommando's wat kinders stuur vir die spesialisasie moet asb meelopers saamstuur, ten minste een vir elke 5 kinders - asb ook ‘n dame wat kan oorslaap -- want dit maak dit net makliker om met 'n groot groep kinders te werk aangesien daar dan meer volwassenes is om die kinders te vergesel en die groep kan dan in kleiner groepies ingedeel word en sodoende kan die prakties vinniger en meer effektief afgehandel word.

REGISTRASIE:

Vrydag-aand 18:00 by Ned. Hervormde kerk Oos-Moot, Moregloed (Waverley) -- Collinslaan 1265 Hoek van Japonica en Collins, Japonica loop dood teen Collins - , ander naaste straat Haarhoffstr Oos -- kerk met lang wit toring (Engelse kerk op ander hoek), sien aparte padkaart.

Eet asb aandete tuis/langs die pad *voor* die tyd – anders raak ons aandprogram te laat!! - – daar sal net koffie/tee en koekies wees voor slaaptyd.

Ontbyt word verskaf. Ontbyt en middagete se geld is ingesluit by registrasiegeld van R145

NB bring eie iets te ete en drinke vir Saterdag “groot pouse soos “skoolkosblikkie” - geen snoepie middagete word voorsien maak keuse op inskrywingsvorm

Wel - Koeldrank en koffie deur die dag beskikbaar.

#SAAMBRING VIR oorslaap: Ons slaap oor by die kerk, kursus maak laataand met eerste aanbiedings en aandfotografie klaar en Saterdagoggend begin ons weer om 05:30 - dit is dus net meer prakties. Bring dus asb. saam: Opvoumatrassie, Slaapsak en kussing, bordesak, toiletsakkie, warmklere vir aand, **toe stapskoene**, flits, pakkie beskuit/koekies om te deel.

SAAMBRING VIR KURSUS :

1. **Digitale kamera (Indien beskikbaar – moenie gaan koop nie, kinders kan in span “deel”)**
2. **1 x Skoon kompakte skyf (DVD-R) en ‘n geheuestokkie opsioneel**
3. **Indien jy het: Driepootstaander (tripod) vir kamera, skootrekenaar (laptop of geheuestokkie) vir aflaai van foto’s**
4. **Kinders wat kameras bring met AA batterye moet genoeg saambring om tenminste twee dae aanmekaar foto’s te kan neem**
5. **jou eie: Kamerabatterylaaier en kamera handboek**

VERDAAG: 13:00 MOET KINDERS WEER AFGEHAAL WORD